


Ivoortorings, siviele prosesreg ... en die arena

C F Eckard*



WANNEER 'n akademikus hom in die advokatepraktyk by die Balie bevind, val die verskille tussen kampus en kamers hom dadelik op.

Van meet af aan besef hy dat ten spyte daarvan dat die professor en die advokaat hulleself beide besig hou met die beoefening van die reg, daar tog 'n groot verskil tussen die akademiese en die praktyk bestaan. Vanuit die ivoortorings van die akademiese kry 'n mens sekerlik 'n baie goeie en wye visie oor die rol van die reg in 'n snel veranderende samelewing. Maar die omgekeerde is ook baie waar. Vanaf die velde van litigasie kan 'n mens soms 'n goeie idee kry van hoe naby of hoe ver die ivoortoring verwyder is van die daaglikse doen en late van die regspraktisyne.

Sonder om pedanties te klink (dis immers 'n sonde wat eerder tuis behoort by 'n professor en nie by 'n advokaat nie) wil ek tog 'n stuiwer in die akademiese armbeurs gooi. Of miskien sou dit akkurrater wees om te sê dat ek 'n klip in die akademiese bos wil gooi.

By die universiteite is die groot woord deesdae kurrikulering. Almal praat van kurrikulering. Kurrikuleringskomitees word gevorm. Simposia word daarvoor gehou en lang en dikwels onverstaanbare artikels word deur veral opvoedkundiges daarvoor geskryf. Eenvoudig gestel, beteken kurrikulering maar bloot die opstel van die leergang (dit behels die besluite oor watter kursusse aangebied moet word) en die opstel van die leerplan (dit behels die besluite oor watter onderwerpe almal in 'n

bepaalde kursus aangebied moet word).

By kurrikulering aan die Regsfakulteit van die Universiteit van Pretoria word verteenwoordigers van die prokureursprofesie en die advokatuur ook genooi om insette te lewer. Die opleiding wat aan 'n regsfakulteit geskied, is immers ook afgestem op die opleiding van toekomstige prokureurs en advokate.

Wanneer daar gekyk word na die opleiding aan die Regsfakulteit is dit interessant dat die opleiding in die sogenaamde Formele Reg, dit is die prosesvakke en in die besonder die siviele proses, gewoonlik heel aan die einde van die studies voorkom. Die studente kry naamlik onderrig in die Siviele Prosesreg in hulle finale jaar B Proc- of finale jaar LLB-studie.

Ek wil egter graag betoog dat dit die hele regsopleiding ten goede sal toekom as Siviele Prosesreg deurlopend tydens al die studiejaar aangebied sal word. Die tersaaklike gedeeltes van die Siviele Prosesreg behoort 'n integrerende deel te vorm van elke kursus wat aangebied word.

Wanneer 'n nuweling regstudent dus 'n kursus oor die Inleiding tot die Regswetenskap volg, behoort hy dadelik ook inleidende lesings te kry oor die basiese beginsels van die Siviele Prosesreg. So byvoorbeeld kan hy onderrig ontvang op die elementêrste vlak oor die verskille tussen aksie en mosievernerrigtinge, oor die vernaamste pleitstukke en oor die wyse hoe die howe te werk gaan om geskille te bereg.

En moenie vir my sê dat eerstejaarstudente nie hierdie dinge sal verstaan nie. Aan die meeste universiteite moet eerstejaarstudente alreeds in staat wees om die beginsels van die Huweliksgoederereg te bemeester en as hulle daartoe in staat is, kan hulle sowaar ook die elementêre beginsels van die Siviele Prosesreg onder die knie kry!

Telkens wanneer 'n bepaalde gedeelte van die reg dan tydens hulle leergang behandel word, kan daar 'n kort verduideliking wees van hoe die tersaaklike proses in die howe verloop. So byvoorbeeld wanneer egskeiding met die studente behandel word behoort daar ook terselfdertyd, al is dit ook op 'n baie basiese vlak, 'n lesing te wees oor hoe die besonderhede van vordering by 'n egskeidingsaksie lyk en hoe 'n Reël 43-aansoek lyk. By die kursus oor Personereg kan studente byvoorbeeld geleer word hoe 'n aansoek lyk om 'n persoon dood te verklaar. In hulle latere studiejare kan die studente byvoorbeeld by Sakereg leer hoe aansoeke om interdikte

en mandamente van spolie lyk en by Kontrakereg kan hulle leer hoe die besonderhede van vordering opgestel behoort te word by die verskillende vorme van kontrakbreuk. By Insolvensiereg kan hulle leer hoe om 'n aansoek om sekwestrasie op te stel; ens., ens.

Op hierdie wyse sal die studente dan geleidelik 'n goeie begrip ontwikkel van hoe die teorie en die praktyk by mekaar aansluit. Hulle sal ook hulle regstudie soveel interessanter vind.

Die behandeling van die siviele prosesaspekte van elke afdeling van die werk behoort baie min tyd in beslag te neem en sal gemaklik binne die bestaande leerplan geïnkorporeer kan word sonder om enige fundamentele wysigings mee te bring. In die finale jaar van hulle regstudie sal die studente nog steeds 'n volledige kursus in Siviele Prosesreg moet volg soos wat tans gebruikelik is. In hierdie kursus sal die Siviele Prosesreg dan in besonderhede behandel word. Die voordeel sal dan wees dat die studente in daardie stadium alreeds 'n basiese aanvoeling vir die vak ontwikkel het en dat hulle die vak baie meer verstaanbaar sal vind as wat tans die geval is. Op die oomblik is ek bevrees is Siviele Prosesreg alleen sinvol vir die paar buitemuurse studente wat ook ingeskrewe klerke is. Die res van die studente vind die vak droog, onverstaanbaar, ingewikkeld en 'n noodsaaklike ewel.

Hoe baie hoor 'n mens nie die aantyging van oud-studente dat hulle tydens hulle universiteitsjare "niks van die praktyk" geleer het nie! As die studente hulle verskillende vakke meer op 'n prosesregtelike grondslag leer, met ander woorde as hulle leer om elke vak te benader met die gedagte van:

"Hoe sal ek te werk gaan om die verlangde regshulp te kry?" of

"Hoe sal my eis of my pleit lyk?";

dan sal hulle ook voel dat hulle werklik iets van die praktyk tydens hulle studiejare leer.

Hopelik sal so 'n nuwe benadering ook daartoe lei dat die studente sal begin begryp dat Siviele Prosesreg 'n lewendige deel van die regswetenskap is wat dikwels die hele doeltreffendheid en aansien van die regspleging bepaal. Sels sogenaamde "filosofiese" aangeleenthede soos menseregte en die toeganklikheid van die howe is ten nouste verweef met die Siviele Prosesreg.

Ten einde hierdie ideaal van 'n prosesregtelike benadering te bereik, sal dit natuurlik gewens wees dat die akademiese en die praktyk wedersyds moet skakel. Die ivoortoring behoort langs die arena te staan soos 'n pawiljoen. Die ivoortoring moet nie slegs iets vaags doer op die verre horison wees nie. □

*Professor en Departementshoof, Prosesreg en Bewysleer, Universiteit van Pretoria. Vroeger pupil en advokaat aan die Kimberley-Balie. Tans geassosieerde lid van die Pretoriase Balie.